

Woensdag 22 Junie

Skrifgedeelte: Johannes 15:9-17

Fokusgedeelte: Johannes 15:9

God se liefde draai lewens om

Ons lewe word gekenmerk deur Jesus se lewenssap wat deur ons vloei en vrug laat dra (Joh. 15:1-8). In die volgende paragraaf vertel Jesus hoekom liefde so 'n spesiale vrug is.

Liefde is *eerstens* 'n spesiale vrug omdat liefde direk uit God se hart kom en in ons lewens opstoot. Verse 9-10 sê liefde kenmerk die verhouding tussen die Vader en die Seun. Hulle liefde is die dryfveer agter die Seun se neersit van sy goddelikheid, neerbuig na die aarde, en inbuk onder ons sonde in (vgl. Joh. 3:16). En hierdie selfde liefde vloei in ons lewe. Jesus sê elders as ons selfverloëmend liefhet soos Hy, sal almal weet ons is sy volgelinge (Joh. 13:34-35).

Tweedens, liefde is om 'n prys te betaal tot voordeel van 'n ander. Liefde is 'n daad van ander bo myself stel. Vers 13 sê dat Jesus juis gewys het wat liefde is deur nie aan Homself te dink nie, maar aan ons. En so ver het hy hierdie liefde geneem dat Hy bereid was om sy lewe te gee sodat ons kan lewe. Dit is hierdie praktiese voorbeeld van doen wat Hy ons aanmoedig om na te volg.

Derdens, liefde neem die inisiatief (vs 16). God het ons eerste liefgehad. Toe ons nog niks kon doen om Hom te beïndruk nie, het Hy ons gekies om sy lewe voor te gee. Liefde gee die eerste tree (vgl. 1 Joh. 4:19).

Vierdens, liefde verander verhoudinge. Vers 15 sê dat Jesus se liefde ons status voor Hom verander het. Voorheen was ons soos slawe voor God, nou noem Jesus ons sy vriende (vgl. Gal. 4:7ev.). Laat dit 'n oomblik insink: Jesus noem ons sy vriende! En dit is sy liefde wat ons so nader aan Hom getrek het.

Vyfdens, 'n lewe van liefde bring 'n ander vrug – blydschap (vs 11).

Kyk, Jesus se lewenssap stoot liefde in jou op. Hoe kan jy vandag die vrug leef?

Sing: Skrifberyming 9-5:1, 2

Ds. JP Fleischmann (Johan) (Kaapstad)